NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee

Bulletin
Apr 2020
Afsondering

TOE GAAN DIE SEUN VAN GOD DOOD

Kan die Kind van God doodgemaak word? Dit is eintlik 'n skrikwekkende vraag, om die minste te sê. Tog is dit die realiteit waarmee die kruis van Golgota ons elkeen konfronteer. Dit wat daar by die kruis gebeur het met Jesus, is in een woord skrikwekkend. Geen twyfel hieroor nie. Jesus se kruisdood is haarfyn georkestreer deur die godsdienstige en politieke magshebbers van die dag. Sy stem moes met geweld stilgemaak word. Presies dit het hulle ook reggekry, totdat Jesus die dood 'n paar dae later uitoorlê het. Hy wat van alle ewigheid af daar is; Hy wat die ewebeeld en afskynsel van God is, juis Hy sterf daar aan Golgota se kruis. Maar Jesus doen iets vreemds daar in sy sterwensoomblikke aan die kruis: Hy verplaas Homself volledig in ons skoene. Jesus kies om ons lot en al ons sondes een honderd persent Syne te maak. God se Seun vervang sy eie identiteit aan die vloekhout van Golgota met ons s'n sodat daar vrede kan kom, vrede tussen ons almal wat in Hom glo, en die hemel. Jesus se dood vertel dus in dieselfde asem van nuwe lewe vir ons elkeen. Ons glo dit opnuut en met oorgawe. Ons leef uit Jesus se genade.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

INLIGTING I/S KERKLIKE AKTIWITEITE

- In die lig van die verlengde noodtoestand, is eredienste opgeskort tot einde April 2020 (of verdere kennisgewing).
- Nou moet ons gemeente beslis prakties omgee vir mekaar (soos ons visie lui...) Help asseblief diegene wat nou hulp nodig het en hou aan om vir mekaar en vir almal in gebed in te tree.
- Ek onderneem ook om veral in hierdie tyd gereeld geestelike boodskappe deur ander mediums (sosiale media, whatsapp en ons webwerf) te plaas wat geluister of afgelaai sal kan word. Die gemeente maak nie toe nie, net die byeenkomste is opgeskort.

Ds Johannes van der Merwe

Byeenkomste Sondae in Mei indien moontlik

3 Mei ~ Erediens: Alk: 09h00
10 Mei ~ Erediens: Alk: 09h00; Ngd: 18h00
17 Mei ~ Erediens: Alk: 09h00, Kinderkerk; Ngd: 18h00

Vergaderings (DV)

Di.	12 Mei	18h00	Steun
Do.	14 Mei	18h00	Evangelisasie
So.	17 Mei	10h45	Sorg (Alk) / Aanbidding (Alk)
So.	24 Mei	10h45	Gemeente-aksies

Verjaarsdae

19e Luan de Kock NGD
20e Zian Minny NST, Elena van der Westhuizen ALK
21e Herman le Grange NGD, André van Brakel SCHAG
22e Gerda Neethling NST
23e Franko Coetzee RIETF, Christo Nel BURN
24e Janco Cronjé SCHAG, Ruan Strydom NGD, Cianca en Laché Scriven CAIRN, Francois Nel NST
25e Des Pedro NGD
26e Caitlyn van Brakel SCHAG, Madelyne Van Eden ALK Suzette vd Westhuizen van Zyl NGD
30e Lizelle Boshoff NST, Hermien van der Merwe NGD
1e Johan Sippel ALK, Ruan van der Walt ALK
2e Alma Swart SCHAG, Magda van der Merwe ALK

NEEM ASSEBLIEF KENNIS

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing op inbetalings: **DO** vir dankoffers, **10de** vir tiendemaand, **GO** vir geloofsoffers (sending/evangelisasie) + u **naam**.

SnapScan:

Bulletin / Inligting op webblad:

Besoek gerus ons gemeente webblad: www.alkmaar.co.za vir o.a. die weeklikse bulletin, nuusbrief, inligting, ens.
Kry ons ook op Facebook.

Kontak ons gerus:

Leraar: Johannes vd Merwe 074 142 3456
ephesians321@me.com

Kerkkantoor: Gladys Grobler 082 261 0371 (tydelike kantoor selfoon)
ngkerk@alkmaar.co.za

Fasiliteitebeampte/Koster:
Alkmaar: Johan Delport 083 785 6117
Ngodwana: Madelein Venter 083 607 0728

Sendeling: Koos Kriel
013 744 1990 / 084 500 1082; kooskriel40@gmail.com

Gedenkmuurnissies:

Nissies wat gebou is teen ons saalmuur is beskikbaar vir ons lidmate teen 'n eenmalige fooi en kan vooruit bespreek en betaal word. Vir navrae: kontak die kerkkantoor.

2de Kwartaaltema: In Jesus se voetspore

6 Belangrike gewoontes van die Here Jesus

Die tema begin vanaf 19 April. Meer inligting op die webwerf.

Week 1	Volg Jesus waar Hy stil-word (Stiltes)
Week 2	Volg Jesus in sy binnekamer in… (Gebed)
Week 3	Volg Jesus se hart van dankbaarheid (Dankbaarheid)
Week 4	Volg Jesus se hart vir kinders (Huisgodsdiens)
Week 5	Volg in Jesus se spore van diensbaarhied (Diens)
Week 6	Volg in Jesus se voetspore van vergifnis (Vergifnis)